*Woensdag* **6 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 65**
**Fokusgedeelte: Psalm 65:2, 3 (AFR83)**

**Oral waar die Here is, moet daar gejuig word**

Oral waar die Here is, word daar gejuig. Die Psalm sing van die lofsang van die volk van die Here. Die Here het hulle sondes vergewe en hulle kon na sy tempel toe kom en sy goedheid in oorvloed geniet. Daarom sing die volk 'n lofsang tot die Here.

God se genade is egter nie beperk tot Israel nie. Hy wil hê dat alle nasies, tot in die afgeleë lande saamjuig en Hom ook in sy tempel kom aanbid. Mense van die ooste en weste moet juig. Van daar waar die son uitgaan tot daar waar dit in die aand ingaan.

Om hierdie wêreldwye juigkoor aan die gang te kry, openbaar die Here Hom in sy wêreldwye skepping. Die Here is met mag omgewe waar Hy ook al gaan. Dit is universeel so en dit is universeel waar. Waar jy ook al gaan, daar sal jy die skepping van die Here belewe. Daar sal jy die Skepper van die skepping vind as iemand op wie 'n mens kan vertrou.

Hierdie boek van die skepping en God se almag daarin is vir niemand onmoontlik om te lees nie. Dit is sy algemene openbaring en dit is duidelik vir almal. Paulus skryf dat dit binne die bereik van almal is om van God te weet, omdat die mens uit die werke van God duidelik kan aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is (Rom. 3:19, 20).

Dit is deur sy krag dat berge vasstaan en die geraas van die golwe bedaar. Dit gebeur sodat nasies in afgeleë lande ontsag vir die Here kry. Hy sorg vir die land in oorvloed. Hy maak dit vrugbaar. Hy laat dit reën en die riviere word vol. Waar Hy ook gaan, is daar oorvloed. Daar is selfs weiding in die woestyn as die Here daar is. Die kleinvee op die velde en die koring op die lande juig saam.

Ook uit hulle sal dié wat die Here uitkies, naderkom en hulle skuld bely om in sy tempel te kom woon. Hulle moet saam met ons en die kleinvee en die koring juig en sing oor die goedheid van die Here.

*Sing: Psalm 65-1:1, 9*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)*